DIE LOOT

NUUSBRIEF VAN DIE GEREFORMEERDE KERK BELLVILLE

"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie". *Joh.15:5*

5 Februarie 2017

1. EREDIENSINLIGTING

Oggend	**Ds. C.C.A. VREY**	**Aand**	**Ds. C.C.A. VREY**
Sing vooraf	Ps. 73: 1, 12	Sing vooraf	Ps. 104: 8, 9
Sing	Ps. 75: 1, 2, 4	Sing	Ps. 104: 1, 2
	Ps. 116: 3, 7, 8		Ps. 50: 7, 11
	Sb. 2-2: 1, 3 (34)		Ps. 18: 13, 14
	Ps. 36: 2, 3		
Skriflesing	Jesaja 44: 24 – 45: 13	Skriflesing	1 Tessalonisense 5: 12-28 Genesis 32: 1-32 HK Sondag 10, Vraag 28
Teks	Jesaja 44: 28 – 45: 1	Teks	1 Tessalonisense 5: 18 Genesis 32: 28
Tema	Hoekom betwyfel ons die Here se goeie werk so maklik?	Tema	Met die voorsienigheid van God bewerk die Heilige Gees dankbaarheid en vertroue in die gelowige
Katkisasie-opening: Psalm 98: 1			

2. GEMEENTENUUS EN –AKTIWITEITE

BORG 'n BYBEL

Katkisante, julle spaarbussies het 'n nuwe 'baadjie'. Baie dankie aan Lisa Opperman wat vir ons die ontwerp daarvan gedoen het. Kry asseblief een by die kerk se ingang as jy nie 'n spaarbussie het om vol kleingeld te maak nie. Baie dankie vir julle volgehoue ondersteuning met hierdie aksie!

BYBELSTUDIE

Bellville - Dinsdag om 09h30 en 19h00 in die konsistorie
Oggend: Handelinge 4: 23 e.v. / Aand: Handelinge 4: 30 e.v.
Bybelstudie vir mamma's - Woensdag 09h30 (kontak sr. Sanet van Hoving - 083 642 0611)
Skiereiland vir Christus – Woensdag om 18h00 in die kerkhuis vir die groepleiers.

DIENS VAN ORREL

Van Schalkwyk Orrelbouers is byna klaar met die groot diens van ons orrel. Baie dankie vir almal se geduld en samewerking tot dusver.

GELUKWENSING

Br. Herman en sr. Jani Gers is 14 Januarie in die huwelik bevestig. Ons bede is dat God julle huwelik ryklik mag seën!

GEMEENTEBRAAI

Ons jaarlikse gemeentebraai vind DV plaas op **17 Februarie** om 19:00 op die kerkterrein. Dit is 'n gemeente-aksie waar gesellig saamgekuier word, maar dien ook as 'n fondsinsamelings-geleentheid ter verstewiging van die Susterskas vir plaaslike gebruik en skenkings aan verdienstelike sake. Ekstra donasies is dus ook baie welkom. Ons hoop om u almal daar te sien!

Koste: R60 (¼ Hoender, Boerewors, Slaaie, Rolletjies & Konfyt), R45 (¼ Hoender, Slaaie, Rolletjies & Konfyt), R15 (Worsbroodjie).

Voltooi asseblief so gou as moontlik die deelnamelys in die teedrinklokaal. Betalings (EFT met die verwysing BRAAI+naam of kontant in 'n gemerkte koevert) moet asseblief die kassiere bereik teen 13 Februarie. Susters word ook vriendelik versoek om te help met die maak van slaaie. Vul asseblief die spesifieke lys daarvoor in. Diegene wat die funksie bywoon bring hul eie eetgerei en drinkgoed saam. By voorbaat dankie vir almal se samewerking.

GEMEENTEKAMP

Ons gemeentekamp vind DV plaas **31 Maart tot 2 April** by Mizpah naby Grabouw. Daar is 'n lys op die kennisgewingbord aangebring. Lidmate wat graag die kamp wil bywoon, skryf asseblief u naam so gou as moontlik op. Dagbesoekers is ook welkom. Betalings (EFT met die verwysing KAMP+naam of kontant in 'n gemerkte koevert) moet asseblief die kassiere bereik teen 15 Maart. Vir meer inligting, kontak br. Willem de Haan (021 913 2511).

Koste: Kinders (6 – 16 jaar) R128.00 en Volwassenes R256.00. Kinders onder 6 is gratis.

MEELEWING

Ons bid die volgende lidmate en hul gesinne die seën van die Here toe:

- Sr. Annatjie Dijkstra (083 709 6775) wat baie pyn en lyding ervaar
- Br. Paul Silvis (083 321 1994) wat weer chemoterapie behandeling ontvang

NUUS VANUIT RONDEBOSCH-WYK

Praise: To be part of nine other English-medium church plants in the GKSA around the country
Prayer: For fruit of English-medium church planting planning meeting to be held at GK Rietvallei on 7 February, which Dr. Jooste attends. One important objective is to get church planting on the agenda at General Synod 2018.

A Day in the Psalms Conference
Final plenary session: Reading the Psalms with the Reformers (Rev. Jooste)
Date: Saturday, 18 February Time: 09h00 – 15h30
Place: Claremont Baptist Church Cost: R40 (includes a light lunch and refreshments)
RSVP 13 February hartwig.heather@gmail.com

SKIEREILAND VIR CHRISTUS
Eerskomende Saterdag om 09h30 ontvang ons kinders van Laerskool de Waveren hier op die kerkterrein.

SUSTERS
Maandvergadering
Alle susters word hartlik uitgenooi na ons eerste vergadering op **Woensdag, 15 Februarie** om 19h00. Koffie, tee en verversings word reeds vanaf 18h30 bedien. Sr. Judy Venter gaan met ons praat oor die tema "Beleef God se intimiteit met jou". Die wyke verantwoordelik vir die aand se verrigtinge is: **Bosbell / Hoheizen**, Goodwood en Parow-Noord.

Teeskinkbeurte
Vandag: Wyke **Boston 2 (Syntyche de Waal**), Durbanville 2 (Hilde Coetzee), Gordonsbaai (Gerry van der Walt)
Volgende Sondag: Wyke **Brackenfell (Istelle Costerus)**, Glenlily (Delene Vrey), Kenridge (Michell Bezuidenhout)

3. VAN DIE KERKRAADSTAFEL

DIENSBEURTE VIR OUDERLINGE EN DIAKENS
Diakens
Vandag: Brs. Piet Reyneke, Cobus du Plessis, **Paul Silvis**
Volgende week: Brs. Ian Snyman, John Eiberg, Albert Mulder, Ludwig Venter

Ouderlinge
Vandag: Brs. Willie Buys, Peet van der Walt, Gert Swanepoel, Freddie Scheepers
Volgende week: Brs. Willem de Haan, Jakobus Wüst, Mark Lyons, André Coetzee

Diensbeurte in Rondebosch (ouderling en diaken)
Vandag: Brs. Jaco van der Walt, Willie Swanepoel
Volgende week: Br. Harm du Plessis

HUISBESOEK DEUR DIE PREDIKANT VIR 2017
Februarie: 13/02 Parow-Vallei, 27/02 Boston 1
Maart: 13/03 Boston 2, 27/03 Bosbell & Hoheizen
April: 24/04 Loevenstein

KOLLEKTE	**Vandag:**	**Volgende Sondag:**
Onder die erediens:	Huis Boland	Kas vir Blindes en Dowes
By die deure:	Emeritaatsfonds	Dankbaarheidsfonds

VERGADERINGS
Skiereiland vir Christus
Vanaand na die erediens in die konsistorie
Dorkas
Dinsdag om 10h30 in die konsistorie

4. VERJAARSDAE

Vandag	Gerhard van Schalkwyk (8 jaar)	021 553 0045
08/02	Sr. Lindsay Mackintosh	021 531 8416 / 076 931 2822
09/02	Br. Dirk Kruger Sr. Marlize Labuschagne	021 930 5468 / 073 446 8389 021 559 1870
10/02	Sr. Michelle Roux Sr. Annette Wendt	021 987 7545 / 079 899 6997 021 932 3344 / 082 712 4629
11/02	Br. Jeandré Fourie	076 212 2279

5. KERKLIKE GEGEWENS

Gereformeerde Kerk Bellville

E-pos: gkbellville@mwebbiz.co.za Tel: 021 945 1515 Faks: 086 465 4609

Kerkkantoor: Donderdae 09h00 - 13h00

Predikant	Ds. Coen Vrey	082 808 4432
Kerkplanter	Dr. Simon Jooste	083 973 5818
Skriba	Oudl. Berend Meijering	083 291 7603
Admin Beampte	Sr. Willina Cilliers	082 738 1809
Koster	Br. Piet Reyneke	072 218 9988
Kassiere	Sr. Willina Cilliers	082 738 1809

Gereformeerde Kerk Bellville, ABSA, Santyger,
Takkode 632 005 Tjek rek 340 340 205

www.gkbellville.org https://www.facebook.com/gk.bellville

Berigte vir Die Loot moet asseblief teen **Woensdag 16h00** per e-pos gestuur word na gkbellville@mwebbiz.co.za